

7 weke

AS SINSOEKERS

2021



SEWE WEKE VI: OMSLUIT

Psalm 139

Inleidend

Wat het die afgelope jaar deel van ons daaglikse “kleredrag” geword? Maskers! Of ons nou daarvan hou of nie, niemand van ons mag vandag in die openbaar beweeg sonder maskers nie. En ek dink vir die meeste van ons is die dra van maskers ‘n groot frustrasie en irritasie. Maskers maak dat ek mense nie goed kan sien nie, nie gesigsuitdrukkings kan bepaal nie, dit maak dat ek nie goed kan hoor nie, dat ons moeilik kan kommunikeer. Dit maak ook dat ek agter dit bietjie kan wegkruip...Dit het du soek ‘n paar voordele.

In die lewe kruip ons dikwels ook agter maskers weg om ons trane, seer, vrese en onsekerheid weg te steek. Ons dra maskers van glimlagte, arrogansie, professionaliteit ens. Dikwels leef ons soos ‘n nar in ‘n sirkus. Buite is daar ‘n sekere beeld wat geskep word, maar aan die binnekant woel daar ander ervarings en emosies.

Die anonieme gedig van ‘n predikant verwoord iets van hierdie ervaring wat ek dink almal van ons by tye ken...

Ek is ‘n nar. ‘n circus clown. God se hanswors. Met my tamatieneus, en my groot wit mond, en uitroepstekens bokant my oë. Ek staan Sondae voor die mense en ek sê: Lag, mense, lag! Word bly, mense, word bly! Moenie meer huil nie. Kyk daar kom ‘n nuwe aarde. Maar as ek uit die sirkusring hardloop, terwyl die orrel daverend speel, tot agter in my tent of karavaan, dan huil ek in my hande. Ek hou maar net soos julle aan God se genade vas. Ek wag bewend op die Here. Ek struikel dikwels. Daarom loop ek so voetjie vir voetjie...

Psalm 139

Die Psalmdigter van Ps 139 kom tot die ontdekking dat hy nie agter die maskers van die lewe kan wegkruip vir God nie. God sien alles. Die Message vertaling praat dat die mens ‘n oopboek vir God is. Die digter ontdek dat hy niks vir God kan wegsteek nie. God ken sy aksies, sy gedagtes, sy omswerwinge en al sy woorde. Daar is nie ‘n plek waar God nie is nie...selfs in die dood is God teenwoordig. Paulus verwoord dit ook in die Nuwe Testament in Rom 8:39-39...Niks kan ons skei van die liefde van God nie...selfs nie die dood nie.

Hierdie ontdekking kan so vertroostend wees, maar dit kan ook oorweldigend wees en vrees en skaamte by die ontdekker van die misterie bring. Die Psalm help ons om te sien dat wanneer mens in die werklikheid van God se teenwoordigheid sit, ontdek mens WIE die God is wat my sien en ken. Hierdie God is die Skepper God wat ons gemaak het en gevorm het en wat ons lief het. Dit is die God van ons doop, wat ons onlosmaaklik aan Hom verbind het. Voor hierdie God is ons lewens 'n oop boek en is elke skaduwee van ons lewens helder verlig. Maar hierdie deursigtigheid en naaktheid hoef ons nie te beskaam nie. Die skrywer en teoloog Brian McClarren gebruik die beeld van naaktheid, maar verwys na die naaktheid van 'n teaterbed en die naaktheid van twee geliefdes. Dit is 'n naaktheid voor God wat se doel genesing en intimiteit is.

Wie is die God wat jou sien? Wie is die God voor wie jou lewe 'n oop boek is?

Die antwoord op hierdie vraag, maak al die verskil op ons geloofsreis. Ons grootste struikelblok op ons geloofsreis met God is ons beeld en verstaan van God.

Die Psalmdigter van Psalm 139 ontdek God as die Skepper God, die een wat hom gemaak en gevorm het, wat Hom liefhet en in verwonderings is oor sy lewe. Die gevolg van hierdie gebeure is dat daar selfs dan by die Psalmdigter nog groter eerlikheid groei met sy eie menslike ervarings wat dan lei tot eerliker gesprek en groei en geloof in sy gebrokenheid en naaktheid.

Ander voorbeelde...

Hiervan is die lewe van Dietrich Bonhoeffer die Duitse teoloog wat deur die Nazis tereggestel is vir my 'n voorbeeld. Hy verwoord sy geloof in veral twee van sy gedigte/gebede. Die een gebed "Who am

I" waarin hy sy eie onsekerheid erken en van die maskers in sy eie lewe bewus raak, maar dan besef sy enigste troos in lewe en sterwe is dat God hom vashou en omsluit. Die tweede is sy gebed/gedig "Von guthe Machten" wat hy in 1944 geskryf het en wat sy laaste skrywe was voor sy teregstelling op 9 April 1945. Die diep ontdekking en belydenis dat in die donker en in die seer en onsekerheid is die magte van God se liefde en teenwoordigheid: "Sheltered wonderfully by powers of goodness
We are looking forward confidently to what may come
God is with us in the evening and the morning
And for sure ons every new day."

Ek is 'n nar. 'n circus clown. God se hanswors. Met my tamatieneus, en my groot wit mond, en uitroeptekens bokant my oë. Ek staan Sondae voor die mense en ek sê: Lag, mense, lag! Word bly, mense, word bly! Moenie meer huil nie. Kyk daar kom 'n nuwe aarde. Maar as ek uit die sirkusring hardloop, terwyl die orrel dawerend speel, tot agter in my tent of karavaan, dan huil ek in my hande. Ek hou maar net soos julle aan God se genade vas. Ek wag bewend op die Here. Ek struikel dikwels. Daarom loop ek so voetjie vir voetjie...

Maar my lewe is geanker op hierdie baie stormagtige see – deur 'n Stuurman, die beste een, wat my omsluit van alle kante.

Ons word in hierdie verwarde tye genooi om ons maskers af te haal in ons reis met God en te ontdek dat dit daar is waar God ons wil kom ontmoet en ons wil vul met nuwe hoop en geloof en liefde.